



Wiskunde 2 – Graad 5

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (*sien voorbeeld 1 hieronder*). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (*sien voorbeeld 2 hieronder*).

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	c	d
----	---	---	---	---

Voorbeeld 2:-

4.	a	b	c	d
----	---	---	---	---

Nuttige wenk:- As jy getalsinne het wat verskillende bewerkings gebruik, pas die reël van **HADVOA** toe, wat die volgorde van bewerkings is:- Eerstens, bereken dit wat tussen **Hakies** is, dan **Ander** (van, vierkantswortels, mag van, ens.), dan **Deel** en **Vermenigvuldig** (van links na regs wat ook al eerste kom) en dan laastens, **Optel** en **Aftrek** (ook van links na regs).

1. **Bereken:**

$$765 + 354 = \dots? \dots$$

- (a) 411 (b) 10 119 (c) 1 119 (d) 1 019

Het jy geweet?

- Faktore en veelvoude** is **VERSKILLENDE** goed, maar hul albei behels vermenigvuldiging.
- Faktore** is die getalle wat ons **met mekaar kan vermenigvuldig** om 'n ander getal te kry. 'n **Faktor** is 'n getal wat presies in deel in 'n ander telgetal, bv., die faktore van 12 is 1, 12, 2, 6, 3, 4 want hulle kan almal presies in 12 in deel.
- 'n **Veelvoud** is die **resultaat** van die **vermenigvuldiging** van 'n getal met 'n **heelgetal** (nie 'n breuk nie). $6 \times 2 = 12$, so 12 is 'n veelvoud van 6 en 'n veelvoud van 2.
- Vierhoeke** is 2D vorms met vier sye, bv., ruit (diamant), parallellogram (n plat vorm met 4 reguit sye waar teenoorstaande sye parallel is).
- Veelhoek** is 2D vorms met 3 of meer reguit sye. Bv., driehoek 3 sye, vierhoek 4 sye, pentagone 5 sye, heksagone 6 sye, heptagone 7 sye, oktogone 8 sye, negehoek 9 sye, dekadone 10 sye, ens.
- Reëlmatige veelhoeke** het gelyke hoeke en gelyke sye.
- Onreëlmatige veelhoeke** het sye met verskillende lengtes.
- Afronding** beteken om 'n getal eenvoudiger te maak, maar die waarde te hou na aan wat dit was. Jy kan afrond tot die naaste 10:- Die getalle 81, 82, 83 en 84 sal almal **afrond** na 80. Die getalle 85, 86, 87, 88 en 89 sal almal **afrond** na 90.
- 10 mm = 1 cm; 100 cm = 1 m; 1 000 m = 1 km.
- 60 sekondes = 1 minuut; 60 minute = 1 uur.
- 1000 ml = 1 liter; 1000 liter = 1 kiloliter.

Tom koop 'n MP3 speler wat R599 kos. Hy het alreeds R375 gespaar en sy broer gaan hom R149 gee.



2. **Hoeveel het Tom nog nodig, voordat hy die MP3 speler kan koop?**

- (a) R450 (b) R373
(c) R224 (d) R15

3. **Trek 300 van 1 953 af.**

- (a) 1 353 (b) 1 432 (c) 1 300 (d) 1 938

Watter getalsin verteenwoordig die volgende vraag korrek?

Wat moet by 175 getel word om dit presies deelbaar te maak deur 50? (*onthou die HADVOA reël.*)

- (a) $175 \div 50 = \square$ (b) $175 + \square \div 50 = x$
(c) $(175 + \square) \div 50 = x$ (d) $175 + (\square \div 50) = x$

Kyk na die patroon hieronder.



5. **Watter vorm sal die vraagteken vervang?**

- (a) \div (b) $+$ (c) $-$ (d) \times

6. **Bereken:**


$$\frac{1}{4} \text{ van 'n uur}$$

- (a) 8 minute
(b) 12 minute
(c) 15 minute
(d) 20 minute




Getalwaardes

- As 'n getal opgebreek word in groepe van 3, gaan die lees daarvan vergemaklik. Byvoorbeeld, **65432** kan makliker gelees word as dit so geskryf word: **65 432**.
- Onthou, elke **syfer** in 'n **getal** 'n belangrike en heel sye **waarde**. Sien voorbeeld hieronder.



In die bostaande getal, is die syfer 1 groter as die syfer 8. Dit is omdat die **syfer 1** eintlik **100 000** werd is en die **syfer 8** net **80** werd is. Jy moet die plekwaarde van getalle leer sodat jy die syfers in hul korrekte plekke kan plaas. Kyk voorbeeld onder as desimale getalle ingesluit word. As desimale getalle opgetel en afgetrek word, sorg altyd **dat die desimale punte onder mekaar is**.

Skaal van plekwaardes



Het jy geweet?

- Produk** is die resultaat as twee of meer getalle vermenigvuldig word.
- Som** is die resultaat as twee of meer getalle opgetel word.
- Verskil** is die resultaat as een getal van 'n ander afgetrek word.
- Kwosiënt** is die resultaat as een waarde (deeltal) deur 'n ander waarde (deler) gedeel word. Bv., $12 \div 3 = 4$
Deeltal \div Deler = Kwosiënt.

Breuke

Die teller is bo en die noemer is onder.

Voorbeeld:-


$\frac{1}{3}$ teller (bo)
3 noemer (onder)

Hoe groter die noemer, hoe kleiner die breuk.


As jy met breuke werk, maak die noemers dieselfde.

Die maklikste is om beide bo (teller) en onder (noemer) van elke breuk te vermenigvuldig met die noemer van die ander. Jy sal dikwels dan aan die einde moet vereenvoudig.


Om 'n breuk te vereenvoudig, deel die teller en die noemer met dieselfde getal totdat jy hul nie meer met dieselfde getal kan deel nie. Jy sal nou die breuk in sy eenvoudigste vorm hê.



Breuke-muur




7. Hoeveel teëls bedek die welkommat?



- (a) 24 (b) 18 (c) 15 (d) 40


8. Watter motor-embleem pas **nie**? (Wenk: Dit is nie 'n bekende vorm in Meetkunde nie.)



Jy het 4 koeldrankblikkies van 250 ml elk.


9. Hoeveel liter koeldrank het jy in totaal?

- (a) 750 ℓ (b) 1 000 ℓ
(c) 1 ℓ (d) 1 250 ℓ



10. Watter antwoord moet die vraagteken vervang sodat die stelling waar is?


- (a) 2,5 (b) 3,1 (c) 2,8 (d) 3,0



11. Voltooi die reël en vervang die ontbrekende 'Inset' getal gemerk met 'n vraagteken.

- (a) 24 (b) 16 (c) 14 (d) 36

12. Skryf die getal.




- (a) 2 236 (b) 2 225 (c) 2 326 (d) 1 343

13. Watter een van die tellingmerkieë hieronder, stel korrek voor 800?

- (a) ||| ||| ||| ||| (b) ||| ||| |
(c) ||| | (d) ||| |||

14. As die hele struktuur pienk geverf is aan die buitekant, hoeveel blokkies sal 3 sye hê wat pienk geverf is?

- (a) 0 (b) 1
(c) 2 (d) 3



Die som van 25 en 2 word van 100 afgetrek.

15. Watter oop getalsin stel die boonste stelling korrek voor?

- (a) $100 - (25 + 2) = \square$ (b) $100 + (25 + 2) = \square$
(c) $(25 \times 2) - 100 = \square$ (d) $100 + (25 - 2) = \square$

'n Onderwyser gee 12 leerders in sy klas elk twaalf 5c munte, 8 leerders kry elk vyf 5c munte en 'n verdere 5 leerders kry elk drie 5c munte.

16. Hoeveel geld het die onderwyser die leerders gegee?

- (a) R7,20 (b) R9,00 (c) R10,00 (d) R9,95

17. Bereken: (Onthou die HADVOA reël.)

$6 + 22 + 10 \times 2$

- (a) 76 (b) 44 (c) 48 (d) 36

18. Watter getal het 5 tienduisende, 2 duisende, 5 honderde, 2 tiene en 9 ene?

- (a) 50 259 (b) 52 529
(c) 52 259 (d) 55 229